NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG, 9 MAART 2016 OM 10:00

- ADMINISTRASIE EN FINANSIES -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl M van Zyl [Administrasie]
Voorsitter, rdl M Rangasamy [Finansies]
Ondervoorsitter, rdh N J A Rust

Abrahams, M Z	Goliath, M S I
Cleophas, J H	Humphreys, F S
Cloete, C M	Sedeman, A C
Cox-Chetty, Y S	Stemele, O M
Geel, B W	Traut, L

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Wnd. Direkteur: Finansiële Dienste, mnr C F Gerber
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Senior Bestuurder: Tegniese Siviele Dienste, mnr L D Zikmann
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Rdl J H Cleophas open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

Die komitee is voltallig.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ADMINISTRASIE EN FINANSIES) GEHOU 3 FEBRUARIE 2016

BESLUIT
(op voorstel van rdl L Traut, gesekondeer deur rdl A C Sedeman)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Administrasie en Finansies) gehou op 3 Februarie 2016 as korrek bekragtig word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

3.1 SKRYWES VAN DANK EN WAARDERING AAN DIE MUNISIPALITEIT SWARTLAND (10/3/3)

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die skrywes van dank soos met die sakelys gesirkuleer.

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. ADMINISTRASIE

5.1 MAANDVERSLAG: JANUARIE 2016

5.1.1 MUNISIPALE BESTUURDER (7/1/2/2-7)
5.1.2 KORPORATIEWE DIENSTE (7/1/2/2-1)

Die voorsitter lê die onderskeie maandverslae ter tafel.

Die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz, noem – op navraag van rdl C M Cloete – dat 'n werkswinkel aangebied sal word wat die *"Local Economic Development"* (LED)-strategie sal behandel en onderneem ook om die inligting rakende die spandering van die LED-begroting vir die huidige finansiële jaar, nl. 2015/2016, deur te gee.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M Z Abrahams, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

(a) Dat kennis geneem word van die maandverslag van onderskeidelik die Munisipale Bestuurder en die Direktoraat Korporatiewe Dienste vir die tydperk Januarie 2016;

BESLUIT VERDER

(b) Dat die Munisipale Bestuurder die inligting rakende die spandering van die LED-begroting vir die huidige finansiële jaar aan die raadslede deurgee;

(c) Dat die LED-strategie by wyse van 'n werkswinkel met die raadslede bespreek sal word.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

6.1 SALGA: *HUMAN RESOURCES DEVELOPMENT AND COLLECTIVE BARGAINING WORKING GROUP:* 11 FEBRUARIE 2016

Die SALGA *Human Resources Development and Collective Bargaining*-werksgroepvergadering was bygewoon deur rdl M van Zyl en Senior Bestuurder Menslike Hulpbronne, me S de Jongh op 11 Februarie 2016 en word daar terugvoering gegee in die verslag op sekere aspekte vervat in die agenda.

AANBEVELING

Dat daar kennis geneem word van die agenda van SALGA se "Human Resources Development and Collective Bargaining" werksgroepvergadering van 11 Februarie 2016.

7. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. FINANSIES

7.1 MAANDVERSLAG: JANUARIE 2016

7.1.1 FINANSIËLE DIENSTE (7/1/2/2-2) (5/7/1/1)

Die voorsitter behandel die maandverslag van die Direktoraat Finansiële Dienste.

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Finansiële Dienste vir die tydperk Januarie 2016.

(GET) M VAN ZYL
VOORSITTER: ADMINISTRASIE

(GET) M RANGASAMY
VOORSITTER: FINANSIES

- SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl R F van der Westhuizen
Onder-voorsitter, rdl O M Stemele

Abrahams, M Z	Rust, N J A
Cleophas, J H	Van der Merwe, J I
Fortuin, C	Van Zyl, M
Goliath, M S I	Wilskut, W
Papers, C H	Zatu, N S

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Wnd. Direkteur: Finansiële Dienste, mnr C F Gerber
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Senior Bestuurder: Tegniese Siviele Dienste, mnr L D Zikmann
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 10:27 ’n aanvang.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl B J Stanley.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN ’N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (SIVIELE- EN ELEKTRIESE DIENSTE) GEHOU 3 FEBRUARIE 2016

BESLUIT
(op voorstel van rdl M Z Abrahams, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Siviele- en Elektriesedienste) gehou op 3 Februarie 2016 as korrek bekragtig word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 MAANDVERSLAE: JANUARIE 2016

5.1.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)

Die voorsitter lê die maandverslag ter tafel.

Die Senior Bestuurder: Tegniese Siviele Dienste, mnr L D Zikmann, bevestig dat die rioolwerke van Riebeek Vallei in bedryf gestel is sedert 1 Januarie 2016.

Die Senior Bestuurder: Tegniese Siviele Dienste noem – op navraag van rdl C Fortuin – dat die opgradering van ablusiegeriewe vir die Gabriel Pharaoh sportgronde uit die kapitaalbegroting moet geskied en die projek sal daarvolgens geprioritiseer word. Hierop meld die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz dat volgens wetgewing, 15% van die P-komponent van die MIG-toekenning vir sportfasiliteite aangewend moet word en is die Gabriel Pharaoh sportgronde op die beplanningslys vir opgradering in die volgende drie jaar.

Die Munisipale Bestuurder noem – op navraag van rdl J I van der Merwe – dat dit kommerwekkend is oor die metodes wat persone gebruik om nie die waterbeperkings te eerbiedig nie.

Die Munisipale Bestuurder versoek dat die gemeenskap oortreders moet rapporteer sodat daar dienooreenkomstig teen sulke persone opgetree word en indien nodig, sal die Aqualoc-watermeters by hierdie persone geïnstalleer word.

Die Munisipale Bestuurder noem – op navraag van rdl C Fortuin – dat die kwota water vir gebruik per huishouding wel op die rekening verskyn.

Rdh N J A Rust bevestig dat die syfer wel op die rekening verskyn maar is in baie fyn skrif, en versoek dus dat 'n groter druk gebruik word om die verbruiker se aandag daarop te vestig.

5.1.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)

Die voorsitter lê die maandverslag ter tafel.

BESLUIT
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl M Z Abrahams)

(a) Dat kennis geneem word van die maandverslae van onderskeidelik die Direktoraat Siviele Ingenieursdienste en die Direktoraat Elektriese Ingenieursdienste vir die tydperk Januarie;

BESLUIT VERDER

(b) Dat die vermorsing van water deur enige lid van die publiek aan die munisipaliteit gerapporteer word.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) R F VAN DER WESTHUIZEN
VOORSITTER

- ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl M van Zyl [Beskermingsdienste]
Voorsitter, rdl W Wilskut [Ontwikkelingsdienste]

Geel, B W
Goliath, M S I
Papers, C H
Philander, D B
Rangasamy, M
Sneewe, A M
Traut, L
Van der Merwe, J I
Van der Westhuizen, R F

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Wnd. Direkteur: Finansiële Dienste, mnr C F Gerber
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Senior Bestuurder: Tegniese Siviele Dienste, mnr L D Zikmann
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 11:17 ’n aanvang.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl B J Stanley.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN ’N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ONTWIKKELINGS- EN BESKERMINGSDIENSTE) GEHOU 3 FEBRUARIE 2016

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat die notule van ’n Portefeuljekomiteevergadering (Ontwikkeling- en Beskermingsdienste) gehou op 3 Februarie 2016 as korrek bekragtig word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

Rdl D B Philander, nms. die ANC, spreek sy medelye uit teenoor die familie van wyle mnr Faried Galant, wat tragies in ’n motorongeluk gesterf het waarna ’n oomblik van stilte handhaaf is.

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE MBT BESKERMINGSDIENSTE

5.1 MAANDVERSLAE: JANUARIE 2015

5.1.1 BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2-3)

5.1.2 VERKEERS- EN WETSTOEPASSINGSAFDELING (7/1/2/2-3)

5.1.3 BRANDBESTRYDING (7/1/2/2-3)

5.1.3/Die Direkteur...

Die Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys, noem dat die Moorreesburg-toetsstasie tans vir vier tot ses weke gesluit is vir opgradering.

Die Direkteur: Beskermingsdienste spreek ook sy bekommernis uit teenoor die metode wat bestuurskole gebruik om persone te leer bestuur en noem verder dat sy kommer spruit uit die aantal ongelukke wat tydens uitpaserings gebeur en dit blyk asof bestuurskole die leerlingbestuurders leer hoe om hul bestuurstoets te slaag in stede van hoe om 'n veilige en padwaardige padverbruiker te wees.

Die Direkteur: Beskermingsdienste noem – op navraag van rdl A M Sneewe – dat die munisipaliteit in afwagting is vir goedkeuring vanaf die provinsiale verkeersdepartement om padtekens in Evita Bezuidenhoutrylaan, Darling aan te bring en 'n versoek sal aan die Siviele Ingenieursdienste vir die aanbring van in- en uitgangtekens by OK Minimark, Wesbank, gerig word.

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl A M Sneewe)

(a) Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Beskermingsdienste asook die maandverslae van onderskeidelik die Verkeers- en Wetstoepassingsdiens en die Brandbestrydingsafdeling vir die tydperk Januarie 2016;

(b) Dat verder kennis geneem word dat die Moorreesburg-toetsstasie tans gesluit is vir opgraderings.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

7. NOTULE VAN 'N MUNISIPALE TRIBUNAAL VERGADERING GEHOU OP 2 DESEMBER 2015

Kennis geneem van die notule van die Munisipale Tribunaal vergadering soos met die sakelys gesirkuleer.

8. GEDELEGEERDE SAKE MBT ONTWIKKELINGSDIENSTE

8.1 MAANDVERSLAG: OKTOBER – DESEMBER 2015

8.1.1 ONTWIKKELINGSDIENSTE

Die voorsitter lê die maandverslag ter tafel.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp, noem dat – op navraag van rdl A M Sneewe – die moontlikheid om goedgekeurde bouplanne na die buitekantore te stuur sodat aansoekers dit by hul naaste munisipale kantoor kan afhaal, in stede daarvan om na Malmesbury te reis, sal ondersoek word.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste noem verder dat die bouplanne ook aan die aansoeker gepos kan word.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste noem – op navraag van rdl J I van der Merwe – dat 'n opname t.o.v. al die huiswinkels per dorp gedoen word en sodoende word daar vasgestel wateer huiswinkels onregmatig bedryf word.

In geval van lg. word die eienaar skriftelik in kennis gestel en versoek om vir die nodige regte t.o.v. grondgebruike aansoek te doen. Nie alle aansoeke word goedgekeur nie en indien besware ontvang word, word dit dienooreenkomstig na die munisipale tribunaal verwys.

8.1.1/Rdl D B Philander...

Rdl D B Philander noem dat baie van die huiswinkels word geteiken vir dwelmverkope en dikwels is dit nie die winkeleienaar wie die dwelms verkoop nie, maar persone wie by die ingange of selfs naby die winkels rondstaan om verkope te doen.

BESLUIT
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Ontwikkelingsdienste vir die tydperk Januarie 2016.

9. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

9.1 VOORGESTELDE OPHEFFING VAN BEPERKINGS, HERSONERING EN AFWYKING OP ERF 745, YZERFONTEIN (15/3/3-14; 15/3/4-14; 15/3/5-14) (WYK 5)

Aansoek word gedoen vir die opheffing en wysiging van beperkende titelvoorwaardes van toepassing op erf 745, h/v Parkstraat en Hoofweg 215, Yzerfontein, ten einde die eienaar in staat te stel om die gebou op die eiendom aan te wend vir besigheidsdoeleindes op die grondverdieping met woonstelle op die eerste verdieping.

Aansoek word ook gedoen vir die hersonering van erf 745 (groot 1005m²) geleë h/v Hoofweg en Parkstraat, Yzerfontein, vanaf enkel residensiële sone 1 na sakesone 2 ten einde ‘n sakeonderneming en woonstelle op die perseel te vestig.

Aansoek word ook gedoen ten einde af te wyk van die 3m syboulyn (westelike sygrens) na ±2m.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

Dat hierdie item terugverwys word na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee om samesprekings met die eienaar te voer.

9.2 VOORGESTELDE HERSONERING VAN ’N GEDEELTE VAN ERF 497, RIEBEEK WES (15/3/3-9) (WYK 3)

Daar is vasgestel dat ’n winkel ongemagtig op erf 497, Solomonsestraat, Riebeek Wes bedryf word. Die nodige kennisgewing was op die eienaar van die erf beteken en hierdie is ‘n poging deur die eienaar van die perseel om die nodige grondgebruiksregte te kry om so die winkel te wettig.

Aansoek word gedoen deur die eienaars, mnr en mev Fortuin vir die hersonering van ‘n gedeelte van erf 497 (groot 42m²), geleë te Solomonsestraat 2, Riebeek Wes vanaf enkelresidensiële sone 1 na sakesone 2 ten einde ‘n winkel te bedryf.

AANBEVELING
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

Dat hierdie item terugverwys word na die Uitvoerende Burgemesterskomitee om verdere ondersoek in te stel om sodoende die regmatige eienaar van die erf te bevestig.

(GET) M VAN ZYL
VOORSITTER: BESKERMINGSDIENSTE

(GET) W WILSKUT
VOORSITTER: ONTWIKKELINGSDIENSTE